**Bosveld Jagters- en wildbewaringsvereniging Letaba Tak**

Ge-akrediteer deur SAPD Akkreditasie nommer 1300084
Posbus 1989, Tzaneen, 0850 Tel: 071 8714 710 Faks: (086) 5549798
E-pos: letaba@bosveldjagters.co.za Web adres: www.bosveldjagters.co.za

# Notule van die BJV Letaba Ledevergadering gehou op 7 Julie 2011 om 18:00 te BJV Letaba Klubhuis Tzaneen

1. **Opening en verwelkoming**:

Hansie Botha verwelkom almal teenwoordig en open met gebed.

2. **Doelstellings:**

Hansie Botha lees die doelstellings voor.

3. **Lief en Leed:**

Simpatie en meegevoel met die afsterwe van Lukas Potgieter.

Johan Ehlers en Joseph Hartmann word ‘n spoedige herstel toegewens na hul siekbed.

Die volgende lede word geluk gewens met hul verjaardae: Bosman Kruger en Leon Whitehead.

**Teenwoordig:**

**Bestuur:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hansie Botha | Cor Olivier | Johnny Rech | Philip Robinson |
| Schalk Robinson | Alwin Fleischmann | Chris Venter | Tinus Erasmus |

**Lede:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Andre Last | Coenie Scheepers | Ettiene Sales | Johann de Beer |
| Rob du Plessis | Dwayne Wright | Daniel | Deon Davel |
| Belinda Badenhorst | | | |

4. **Verskonings:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ulie Faurie | Gys Pretorius | Andre le Grange | Leon Whitehead |
| Vic Osmers | Karl Osmers | Chris de Wet | Joseph Hartmann |
| Dawie van Vuuren | Abel Botha | Ivy Iveson | Stephan Fourie |

5. **Vorige notule:**

Die vorige notule word aanvaar. Hennie as voorsteller en deur Philip Robinson gesekondeer.

**6. Finansies & Administrasie:**

| | | |
|---|---|---|
| Spaarrekening Saldo: (Kroeg) | R | 8 915 85 |
| BJV Spaar Rekening: (Aanvraag) | R | 3 882.83 |
| BJV Tjekrekening: | R | 122 406.96 |
| Kontant op Hand | R | 5 000.00 |

Kallie Liebenberg van Old Mutual sal help met die insamel van die kwotasies van verskillende makelaars – Hansie sal opvolg.

Belinda kan lede wat se ledegelde uitstaande is finaal Termineer.

**7. Nuwe Lede & Toegewyde Status:**

**7.1 Nuwe Aansoeke:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6662 | Roger David Penrose | - | Goedgekeur |
| 6659 | Lambert Hendrik Badenhorst | - | Goedgekeur |
| 6654 | J.C (Christo) Toerien | - | Goedgekeur |

**7.2 Toegewyde Jagterstatus**:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5661 | Jaco Bloem | - | Goedgekeur. |

**8. Sake voortspruitend uit die vorige notule**:

Soos onder verskillende afdelings by Notule ingewerk.

**9. Klubhuis & Skietbaan gronde:**

**9.1. Arbeid.**

**9.2. Klubhuis:**

**9.2.1** Deon Davel sal help met die hekspore en plaveisel wat weerskante van die hek gele moet word. Hulp word gevra met die installeering. Hansie Botha en Deon Davel sal met die volgende vergadering terugvoer oor vordering gee – staan oor

**9.2.2** Weltmart (Dwayne) sal vir Brown kom wys waar die gat van 600mm gegrou moet word vir die le van die kragkabel.

**9.3 Skietbaan**

**9.3.1** Die skietbaan reels sal binne 2 weke opgesit word.

**9.3.2** Die pale vir die opsit van die drade by die pistoolbaan is te duur en ander voorstelle vir pale sal waardeer word. Gys Pretoruis moet weer ingelig word aangaande die opsit van die drade.

**9.3.3** Chris Venter versoek toerusting vir die gelykmaak van die grond. Chris Venter sal verder reel vir arbeid soos benodig.

**9.3.4** Hansie Botha en Andre le Grange is tans besig met onderhandelinge met die Paintball manne en sal later terugvoer gee ivm die vordering.

**9.4 Kroeg**

**9.4.1** Braai elke Vrydag middag vanaf 13:00. 500g T.Bone, pap en sous vir R45.00p.p. Skakel Belinda vir besprekings.

**10. Skietdae**

**10.1** Die volgende reelings moet getref word vir die Ghongskietdag wat plaasvind op 9 Julie 2011 by die skietbaan:

**10.1.1** Baanoffissiere: Alwin Fleischmann, Johnny Rech en Chris Venter.
**10.1.2** 5xSpringbok- en 5xVlakvarkteikens moet geplak word.
**10.1.3** Belinda sal die inskrywings doen.

**10.2** Johnny Rech sal 'n span saamstel vir die Pro Amm skietdag wat plaasvind op 30 Julie 2011 te Potgietersrus. Belangstellende lede kan hom kontak by 083 4545 434.

**10.3** Belinda moet die skietbaanreels vir die groeperingskiet dag wat plaasvind 1 Oktober 2011 na al die bestuurslede e.mail vir insette. Almal se samewerking word versoek. Goeie advertensie moet gedoen word. Geen vlooimarkstalletjies tensy lede versoek daarvoor nie. Alle voorstelle kan aan Wallie van Dyk deurgegee word by 083 4522 414. Dawie van Vuuren word versoek om te reel vir teikens en kartonne. Philip Robinson sal vir die Potjiekos reelings verantwoordelik wees.

**11. Opleiding**

**11.1** Wallie van Dyk sal nog 'n datum bepaal vir die Trofeemetingkursus.

**11.2** Lede wat belangstel om die spoorsny kursus van 2 – 4 September 2011 by te woon kan direk met Carel Buitendag kontak by 082 5518 114.

**11.3** Hansie Botha bedank Walt Katzke, Carel Buitendag, Philip Robinson, Cor Olivier, Lucas Mclean, Tinus en Tertuis Erasmus en al die werkers wat verantwoordelik was vir die suksesvolle aflegging van die Junior II kursus. Die kursusgangers se sertifikate is gedruk en sal na die skoolvakansie aan die lede oorhandig word.

**11.4** Die videojagstimuleerder sal meerendeels aangewend word vir opleiding doeleindes en die ondersoek word oorhandig aan Walt Katzke en Carel Buitendag vir verdere ondersoek.

**12. Kleiduif:**

**13. Boogjag:**

**13.1** Boogskiet aande sal plaasvind elke 2de Donderdag van elke maand en braaipakkies sal beskikbaar wees teen R45.00 per persoon.

**14. Handwapenjag:**

**14.1** Die memorandum of understanding sal deur Hansie uitgedruk word en deur Alwin Fleishmann geteken word.

**15. Buskruit:**

**15.1** Hansie Botha sal verder uitvind van die Swartkruit bevoegdheid en 'n datum en tyd aan lede deurgee.

**16. Windbuks:**

**16.1** Ulie Faurie moet dringend aandag aan die bou van die windbuks baan gee – Hansie Botha sal opvolg en terugvoer gee.

**17. Jaggeleenthede:**

**17.1** Skakel Dawie van Vuuren by 083 4545 391 vir inligting. Sien op webblad.

**17.2 Bestuursjagnaweek: 28 – 31 Julie 2011.**

Daar is nog plek vir 5 bestuurslede. Permitte is alreeds uitgeneem. Kostes beloop R610.00 vir verblyf en etes. Belangstellende lede kan by Hansie Botha boek. Rob du Plessis en Prof Koos Badenhorst word as gaste saamgenooi.

**18. Redakteur / publikasies / pers**

**18.1** Op Web. Hansie Botha sal vordering met Dawie van Vuuren opneem.

**19. Wildsete**

**20. Uitvoerende vergadering**

17 Augustus 2011.

**21. Fondsinsamelings**

**21.1** Rachelle van Attetude Printing is weer vol besig met die bemarking van die advertensieborde.

**21.2** ‘n Boomplantdag by die BJV word beplan. Chris Venter se vrou sal die reelings tref en terugvoer gee aan die lede oor datum en tyd.

**22. Algemeen**

**22.1** Geen verdere vordering ten opsigte van die Chasa Hofsaak.

**23. Vuurwapenbevoeghtheid**

**24. Vastelling en byvoegings tot die agenda:**

Die volgende Ledevergadering sal plaasvind op **Donderdag 4 Augustus 2011** om **18:00** by die **Klubhuis.**